# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**11 Junie 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Lied 428:1,2,3,4 en Psalm 59-1:1,10
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Openbaring 2:8-11
**Sing:** Skrifberyming 14-1:1
**Fokus:** Openbaring 2:8-11
**Preek:**



**Tema:**
*Christus se boodskap aan ’n kerk in verdrukking en armoede.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 14-3:1,4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Thusofonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 10
18 Junie: Wyk 1
25 Junie: Wyk 2



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan vanmiddag verder oor die engele gesels. Lidmate kan ook elektronies deur middel van Google Meet inskakel by die bybelstudie.
Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/yau-bbax-qsv

**FINANSIES EN EIENDOMME KOMMISSIE VERGADERING:**
Die Finansies en Eiendomme kommissie vergader Woensdag 14 Junie om 18:00 by die kerkgebou.

**KERKKANTOOR:**
Die kerkkantoor sal eerskomende Vrydag (16 Junie - Jeugdag) gesluit wees. Dit sal wel weer op Vrydag 23 Junie oop wees.

**DIE LIGDRAER:**
Daar sal nie volgende Sondag (18 Junie) met die langnaweek 'n nuusbrief (Die Ligdraer) wees nie. Die volgende nuusbrief sal op Sondag 25 Junie verskyn.

**DAG VAN VEROOTMOEDIGING – 18 JUNIE 2023:**
Klassis Potchefstroom het op sy vergadering van 30 Mei 2023, op grond van 'n versoek van Gereformeerde Kerk Hartbeespoort, besluit om 'n dag van verootmoediging en voorbidding op Sondag 18 Junie 2023 kragtens Artikel 66 van die Kerkorde vir die Gereformeerde Kerke in Suid- Afrika uit te roep. Die motivering vir die oproep is:
Die energiekrisis en die uitkringende sosiale en ekonomiese gevolge vir lidmate en al die inwoners van ons land; die verval van infrastruktuur wat tot groot ellende lei; die hoë vlakke van misdaad en werkloosheid in die land.
Die kerke word opgeroep om die Here te erken en te eer as die Heerser van hemel en aarde, ons voor die Here te verootmoedig en te soek na die

Here se hand in die omstandighede, om voorbidding te doen vir die owerheid om in verantwoordelikheid en wysheid op te tree, om die Here te smeek om stabiliteit, vrede en regverdigheid in ons land, en om te bid vir volharding van gelowiges in die kerk.

**BREË KERKRAAD VERGADERING:**
Die Breë Kerkraad vergader Maandag 19 Junie om 18:30 by die kerkgebou.

**VLAMVATSPAN BYEENKOMS – DINSDAG 18 APRIL:**
Die Vlamvatspan se maandelikse byeenkoms vind Dinsdag 20 Junie om 18:00 by die kerkgebou plaas.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 24 Junie 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 11 Junie | Karika van der Linde | 078 683 2968 |
| 19 Junie | Lorista van der Walt | 083 273 4739 |
| 21 Junie | Lira Schepers | 083 753 1955 |
| 22 Junie | Teresa Venter | 072 344 5013 |
| 22 Junie | Nico Venter | 083 367 5569 |
| 24 Junie | Cicelia Coetzee | 082 350 6242 |
| 24 Junie | Zelda van Niekerk | 082 719 1031 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**
Ons vra voorbidding vir die volgende lidmate:

- Sr. René van der Walt (083 309 9519) wat in Goldfields Healthcare aansterk, nadat sy lank in Bloemfontein Medi-Clinic was.
- Sr. Ria Harmse (076 793 3254) wat die afgelope twee weke in Rosepark hospitaal in Bloemfontein was, waar sy bestraling vir kanker in haar rug ontvang het.
- Sr. Susan Murray (072 444 8272) wat in Welkom Medi-Clinic is, nadat sy baie siek was weens longontsteking.
- Br. Rhyn Kruger (076 596 3511) wat tuis aansterk, nadat hy ’n knie-operasie ondergaan het.
- Br. Dries Olivier jnr. (083 937 6544) wat in Welkom Medi-Clinic is, nadat hy baie ernstig siek geword het weens bloedvergieting na ’n wond aan sy been.
- Ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***Om net jouself te wees in 'n wêreld wat sy bes doen om jou iemand anders te maak, is die moeilikste stryd wat jy ooit sal voer.***

*~ E.E. Cummings ~*

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA